Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3 (DOOF)

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel het 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel het **DRIE afdelings**:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Antwoord **EEN vraag** uit **ELKE afdeling**.

3. **Skryf** in **Afrikaans**.

4. Antwoord ELKE **afdeling** op 'n NUWE **bladsy**.

5. **Beplan** jou **antwoord**.
   **Gebruik** byvoorbeeld ŉ **breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde**.
   Jou moet jou **rofwerk deurlees**.
   **Maak seker** jou spelling en jou sinne **is reg**.
   Skryf jou **finale antwoord**.
   Trek ŉ **lyn deur** jou **rofwerk**.

6. Jou moet jou **rofwerk deurlees**.
   **Maak seker** jou spelling en jou sinne **is reg**.
   Skryf jou **finale antwoord**.
   Trek ŉ **lyn deur** jou **rofwerk**.

7. Beplan jou tyd:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. **Gee** jou **antwoorde dieselfde** nommers as die **vrae.**

9. Skryf die titel/opskrif **boaan elke skryfstuk**.

10. **Moet nie** die **titel** by die aantal woorde **tel nie**.

11. Skryf netjies.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies **EEN onderwerp**.
Skryf 'n **OPSTEL** van **250 tot 300 woorde**.
**Skryf** die **nommer** en die **titel/opskrif** van jou opstel neer.

1.1 Ek glo in tweede kanse. **[50]**

1.2 My Tik Tok-droom! **[50]**

1.3 Is dit die moeite werd om verder te studeer? **[50]**

1.4 Sondag is vir my die beste dag van die week. **[50]**

1.5 Ek is die mens agter die masker. **[50]**

1.6 Kies **EEN prent**.
Skryf 'n **opstel van 250–300 woorde** oor die prent.
**Skryf** die **vraagnommer**.
**Gee self** 'n **titel** vir jou opstel.

1.6.1



[Bron: *Pinterest* 2022] **[50]**

1.6.2



[Bron: *Pinterest 2022*] **[50]**

1.6.3



[Bron*: Google Images 2022*] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

Kies **EEN onderwerp**.
Skryf **120 tot 150 woorde** oor **die onderwerp**.
**Skryf** die **nommer** en die **titel/opskrif** van die teks.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Jou skool het ʼn 100 % slaagsyfer in die vorige jaar se matriekeksamen behaal. Jy wil die skoolhoof en personeel **gelukwens**.

Skryf ʼn **FORMELE BRIEF** aan die skoolhoof waarin jy hom en die personeel op hul prestasie gelukwens. **[30]**

2.2 **AGENDA EN NOTULE**

Die leerlingraad hou vergadering oor die dissiplinêre probleme in die skool en oor wat gedoen kan word om die probleme te oorkom.

Gebruik die agenda hieronder en skryf die NOTULE van die vergadering.

| |
|---|
| AGENDA VAN LEERLINGRAAD SE VERGADERING GEHOU OP 30 SEPTEMBER 2022<br><br>1. Opening<br>2. Verwelkoming<br>3. Presensie<br>4. Sake om te bespreek<br>4.1 Leerlinge op detensielys<br>4.2 Strafmaatreëls<br>4.3 Voorstelle om probleme te oorkom<br>5. Ander sake<br>6. Afsluiting |

**[30]**

2.3 **RESENSIE**

Daar het ʼn nuwe eetplek in julle omgewing oopgemaak. Jy en jou vriend/in het die plek besoek.

Skryf ʼn RESENSIE vir die eetplek. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Een van jou skool se matrikulante het sewe onderskeidings behaal in die vorige jaar se matriekeksamen. Jy is in gesprek met die leerder en vra uit oor hoe hy/sy dit reggekry het.

Skryf die gesprek tussen julle in DIALOOGVORM neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

Kies **EEN onderwerp**.
Skryf **80 tot 100 woorde** oor **die onderwerp**.
**Skryf** die **nommer** en die **titel/opskrif** van die teks.

3.1 **UITNODIGING**

Die matrikulante hou ’n fondsinsameling om die families wat hul besittings in die vloed verloor het, te help. Hulle nooi die gemeenskap uit om items soos komberse, klere en kos te bring.

Ontwerp ’n UITNODIGING vir die fondsinsameling. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy het vir ’n sangkompetisie ingeskryf en het ’n oudisie gekry. Jy vertel jou dagboek van jou ervaring.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag voor die oudisie
- Die dag na die oudisie **[20]**

3.3 **AANWYSINGS**

Jou metgesel vir die matriekafskeid kom vir die eerste keer na julle huis om jou vir die afskeid te kom haal. Hy/sy weet nie waar jy bly nie. Gee aanwysings vir hom/haar sodat hy/sy jou huis kan vind.

Skryf die aanwysings puntsgewys neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou